# Die Ligdraer

*Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom*

**12 November 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Lied 339:1,2 en Lied 355:1,2
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**



**Skriflesing:** Galasiërs 3:23-29
**Sing:** Lied 305:4
**Fokusvers:** Galasiërs 3:25
**Preek:**

**Tema:**

*Nie meer onder die toesig van 'n oppasser nie.*

**Gebed**
**Belydenis aflegging**
**Sing:** *Ek bely God Drie-enig*
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 8-1:1,2
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3
**Afkondigings**



**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Emeritaatsversorging.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 1
19 November: Wyk 2
26 November: Wyk 3



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Vanmiddag gaan ons aandag gee aan: Hoe beoordeel ons as Christene die Israel-Hamas oorlog? Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/vyz-ptrr-xmg

**KERSPROGRAM: SONDAG 19 NOVEMBER:**
Dit is vanjaar ons beurt om die jaarlikse Kersprogram aan te bied. Dit sal plaasvind op Sondag 19 November om 18:30 in ons kerkgebou. Dit is die Sondag waarop ons nagmaal het. Ons versoek alle lidmate om die datum oop te hou en die Kersprogram in groot getalle by te woon.

**OUDERLINGE VERGADERING MAANDAG 13 NOVEMBER:**
Die ouderlinge se verslag vergadering vind Maandag 13 November om 18:30 by die kerkgebou plaas.

**DIAKONIE VERGADERING MAANDAG 13 NOVEMBER:**
Die diakens se vergadering vind ook Maandag 13 November om 18:30 by die kerkgebou plaas.

**VOLGENDE SONDAG NAGMAAL:**
Ons vier DV volgende Sondag (19 November) nagmaal.

**GEMEENTE-ETE MET NAGMAAL**
Weens die Kersprogram later die aand sal ons nie met hierdie nagmaal ons gebruiklike gemeente-ete hê nie.

**LIEF EN LEED:**
- Br. Piet Buter (072 439 4465) se seun wat in Skotland gewoon het, is oorlede. Ons innige simpatie aan br. Piet en sy familie.
- Sr. Rita Fourie (071 355 5237) is verlede Saterdag in Welkom Medi-Clinic opgeneem en is Donderdag weer terug huis toe. Ons vra voorbidding vir haar.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.

**LIEF EN LEED:**

- Sr. Ria Harmse (076 793 3254) het Woensdag verneem dat haar kanker in remissie is. Ons is saam met haar dankbaar teenoor die Here vir die goeie nuus wat sy ontvang het.
- Baie geluk aan Tyla-Ann Wasmüth wat vanoggend belydenis van geloof aflê. Geluk ook aan haar ouers, br. Evard (083 748 7401) en sr. Wanda (084 791 2101) Wasmüth en haar oupa en ouma, br. Chris (071 715 5536) en sr. Maryna (076 668 6875) Reynders.
- Dit is weer die tyd van die jaar dat die skole se prysuitdelings plaasvind. Ons versoek julle om asseblief vir ons te laat weet van die kinders in ons gemeente se prestasies.
- Melmarie Lochner is verkies tot onderhoofmeisie van Odensia laerskool. Baie geluk aan haar en haar ouers, br. Louis (072 176 4341) en sr. Sanya (083 651 0379) Lochner asook haar oupa, br. Piet van der Linde (073 225 4632).
- Baie geluk aan br. Tobie (082 048 6922) en sr. Engla (082 338 3359) Louw wat onlangs 'n kleinseun ryker geword het.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 18 November 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 13 November | Anita Jordaan | 082 417 2551 |
| 13 November | Marlene Enslin | 083 941 8878 |
| 15 November | Aneri Hoogendyk | 082 707 5703 |
| 17 November | Nika Hoogendyk | 022 707 5703 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

# Die Bybel

23 Voordat hierdie geloof gekom het, was ons onder die toesig van die wet,
ingesluit met die oog op die geloof wat in die toekoms geopenbaar sou word.
24 Die wet was dus ons oppasser, met die oog op Christus, sodat ons deur
geloof geregverdig kon word. 25 Maar noudat die geloof gekom het, staan
ons nie meer onder die toesig van 'n oppasser nie.

**Gelowiges as kinders en erfgename van God**

26 Want deur die geloof is julle almal kinders van God in Christus Jesus,
27 want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek.
28 Daar is nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer manlik en vroulik nie, want julle almal is één in Christus Jesus!
29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en, ooreenkomstig die belofte, erfgename.

*~ Galasiërs 3:23-29 ~*

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 060 366 0166 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

*[7] In Hom het ons die bevryding deur sy bloed,*
*die vergewing van ons oortredings uit die rykdom*
*van sy genade, [8] wat Hy oorvloedig aan ons geskenk*
*het, saam met alle wysheid en insig.*

***~Efesiërs 1:7-8 ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA